# Die ouderling en die regeervergaderings in die Nederduitsch Hervormde Kerk

S J Botha
Hervormde Teologiese Opleiding

Abstract
**The elder in the governing bodies of the Nederduitsch Hervormde Kerk**

The purpose of this article is to discuss the threat to the body of elders, as the prime governing ministery, from both the ministers and the deaconate in the different governing bodies of the Nederduitsch Hervormde Kerk. This is done in view of the decision of the General Synod in 1989 to reformulate, rearrange and, if necessary, adapt the Church order.

Prof P J T Koekemoer het in sy veertig jaar as dienaar van die Woord in die Nederduitsch Hervormde Kerk, baie groot liefde en lojaliteit teenoor die kerk openbaar. Dwarsdeur sy hele bedieningstydperk het hy intens met die kerk saamgeleef en saam besin. Ook ten opsigte van die ouderlingamp het hy sy bydrae ten opsigte van navorsing, besinning, en toerusting gelewer (Koekemoer 1965:7). Graag word hierdie artikel aan hom opgedra as huldiging by sy aanvaarding van emeritaat. In dankbaarheid word die tien verrykende jare wat saam met hom in die nouste verband by die Hervormde Teologiese Opleiding onder allerlei omstandighede gewerk kon word onthou.

## INLEIDING

Die opdrag van die Algemene Kerkvergadering in 1989 (Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika = NHKA 1989b:274) tot herformulering, herrangskikking en aanpassing indien nodig van die *Kerkwet en Bepalings* (NHKA 1989a), noodsaak dat, onder andere, opnuut navorsing gedoen sal word oor die amp in die algemeen, die ouderling in die besonder en dan veral ook die posisie van die ouderling ten opsigte van die regeervergaderings. Dit is nodig omdat juis in die huidige samestelling en

funksionering van die regeervergaderings, die kiem aanwesig is wat die regeerfunksie van die ouderling stadig maar seker in gedrang kan bring.

Hoewel daar die afgelope aantal dekades ook binne die Nederduitsch Hervormde Kerk, soos wêreldwyd, heelwat navorsing en besinning oor die amp in die kerk (Pont 1977:168; Rossouw 1988) gedoen is, het uit die geledere van die Nederduitsch Hervormde Kerk nog nie 'n volledige publikasie oor ampsteologie die lig gesien nie. So 'n publikasie sou nou van baie groot waarde kon wees. Nietemin word heelwat resultate van die uitstekende navorsing en beslissing wat wel gedoen is, verspreid gevind in 'n hele aantal artikels en selfs enkele kleiner selfstandige publikasies en ook as dele van ander werke wat nie noodwendig die amp as sodanig in gedagte gehad het nie (Dreyer 1955; B J Engelbrecht 1957, 1972; Pont 1959, 1969, 1970, 1972, 1975, 1977, 1978, 1979, 1981, 1990).

By die nagaan van hierdie publikasies wil dit voorkom of daar nog meer aandag gegee behoort te word aan die amp en die regeervergaderings en dan meer in die besonder die ouderlingamp en die regeervergaderings van die Nederduitsch Hervormde Kerk. Hoewel reeds dekades gelede besef is dat daar 'n krisis rondom die ouderlingamp aan die ontwikkel is, is nie toe by die verwoording van die krisis of by die daaruit voortvloeiende navorsing en besinning genoegsaam rekening gehou daarmee dat juis die veranderde funksionering van die ouderling in die regeervergaderings deel van die krisis was en dat dit by 'n oplossing verdiskonteer moes word nie. In hierdie artikel word nou kortliks daarop ingegaan.

## DIE KRISIS

Die begrip 'krisis' mag dalk te sterk klink, hoewel uitsprake soos die volgende nie anders as met die begrip 'krisis' beskryf kan word nie: '...die ouderling gee die indruk asof hy oorbodig geword het...' en '...is die ouderling nog net 'n soort hulp...' (NHKA 1961). 'n Krisis in die sin dat stemme in die Nederduitsch Hervormde Kerk opgegaan het dat die amp in die algemeen, en die ouderlingamp in die besonder, uitgedien was (Rossouw 1988:1), was dit gelukkig nie. Die krisis het wel daarin bestaan dat vanuit die ouderlinggeledere in die kerk self, die besef en erkening na vore gekom het dat alles rondom die amp nie meer heeltemal pluis was nie. Die bogenoemde ontstemde woorde is in 1961 reeds in 'n brief gebruik wat deur die Raad vir Ouderlinge opgestel is vir uitsending aan ouderlinge binne die Nederduitsch Hervormde Kerk (NHKA 1961).

Om die ontstemdheid wat in hierdie woorde opgesluit lê en ook in ander woorde en uitdrukkings in dieselfde brief te verstaan, sal die brief meer volledig bespreek moet word. Terselfdertyd moet in gedagte gehou word dat die onrus rond-

om die amp van die ouderling nie toe vir die eerste keer in die Nederduitsch Hervormde Kerk na vore gekom het nie. Trouens, die verskyning van 'n handleiding vir ouderlinge onder die titel *Brandwagte van God* (Dreyer 1955; vgl Woord vooraf), het juis voortgelvloei uit 'n opdrag deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering wat die ontwikkelende krisis reeds toe al geïdentifiseer het. Ten spyte van hierdie publikasie het die nood rondom die ouderlingamp tog so toegeneem dat die Raad vir Ouderlinge hulle genoodsaak gevoel het om die genoemde brief op te stel en dit aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering voor te lê vir uiteindelike deursending na alle ouderlinge.

Die brief begin deur na die geskiedenis terug te gryp en met waardering melding te maak van die belangrike plek wat die ouderling in die lewe van die kerk en sy lidmate ingeneem het. Inderdaad kan genoeg bewyse uit die geskiedenis van die kerk aangevoer word wat die volgende paragraaf in die brief regverdig:

> ...want die ouderlinge (was) die mense wat die geestelike leiding moes neem, kategese en begrafnisse waarneem, die Woord verkondig, die diens van die gebede waarneem, die siekes vertroos - in kort, behalwe die bediening van die Sakramente het die ouderlinge al die werk van die predikant gedoen en daarby nog al die ouderlingwerk behartig. En hoe voortreflik het hulle dit nie gedoen nie! Die geringe kerklike afval en die suiwerheid van die leer deur die jare heen is bewys hiervoor.
>
> (S P Engelbrecht 1953:302-352)

Uit hierdie paragraaf is dit wel duidelik dat die ouderlinge in die verlede baie meer gedoen het as wat onder 'normale' omstandighede van 'n ouderling verwag kan word. Dit het tot gevolg gehad dat 'n ideaalbeeld van die ouderlingamp in die kerk ontstaan het wat dalk 'n te hoë verwagting ten opsigte van die rol van die ouderling laat posvat het. Dit het die teleurstelling met die veranderde situasie waaroor in 1961 gekla is, des te groter gemaak. Daarom is dit volkome te begrype dat die krisis op die volgende wyse beskryf word:

> Hoe sukkel ons nie om ouderlinge te kry nie! Maar wat baie belangriker is: Hoe het die kwaliteit van die ouderlinge nie verander nie! Daar is baie ouderlinge wat nie wil siekebesoek of 'n gebed doen nie (om nou maar twee dinge te noem) omdat hulle nie weet hoe nie. Hoeveel ouderlinge kan nog diens (leesdiens) hou? Begrafnis hou?

> Katkisasie waarneem? Hoeveel ken die Belydenisskrifte en die leer van die kerk? Hoeveel skiet te kort in die kennis van die Skrif? En so kan ons aangaan. Na die stoflike het die kerk geweldig verbeter, maar na die gees het ons ouderlinge oor die algemeen agteruitgegaan.
>
> Ons sien dit ook in die houding van die lidmate: Hoeveel lidmate sien nog op na die ouderlinge? Gewoonlik gaan hulle by die ouderling verby. Die ouderling in die moderne tyd gee 'n mens in baie opsigte die indruk asof hy oorbodig geword het: Die stoflike dinge berus in die hande van die diakens en die geestelike sake is heeltemal deur die predikant oorgeneem. Daarom is die ouderling nog net 'n soort hulp: Hy help die diaken met sy werk, help die predikant hier en daar en help die gemeentelid om die predikant in die hande te kry.

Dit lyk asof die kern van die krisis geleë is in die veranderde kwaliteit van die ouderlinge en in die wedersydse 'bedreiging' deur die predikant aan die een kant en die diaken aan die ander kant. Nou sou geredeneer kon word dat, vanuit die verledebeeld van die ouderling in die kerk, te veel ampspligte wat primêr by die predikant tuishoort soos dienste hou, begrafnisse waarneem en kategese hanteer, ook steeds as normale ampspligte of dienswerk van die ouderlinge verwag is. Tog is dit so dat die oorname van sommige, of die meeste, ampspligte van die ouderling deur die predikant enersyds, en die diaken andersyds, noodwendig die krisis van oorbodigheid ten opsigte van die ouderlingamp laat ontstaan. Geen wonder nie dat die brief konkludeer: 'Hierdie situasie is heeltemaal in stryd met die Bybel, met die leer van die kerk, met die bevestigingsformuliere van kerkraadslede en predikante en met die geskiedenis van ons kerk. Dit is 'n geestelike verarming van die kerk en die Koninkryk van God ly daardeur skade.'

## DIE OPLOSSING

Die Raad vir Ouderlinge het geoordeel dat die kerk in die algemeen, maar veral die ouderlinge in besonder, deur besinning, nadenke, studie en bespreking aan die hand van 'n voorgestelde tema tot 'n verbetering van sake moes kom (NHKA 1961). Ouderlingvergaderings op gemeentelike, rings- en sinodale vlak moes daarvoor byeenkom. Hoewel dit eers teen 1964 op dreef gekom het, het die ouderlingvergadering op gemeentelike en ringsvlak 'n vaste plek in die kerk gekry as geleenthede waar ouderlinge oor hulle ampswerk kon besin en toegerus kon word. Hoewel aanvanklik ook gereelde ouderlingvergaderings op sinodale vlak gevisualiseer is, het dit nooit gerealiseer nie.

Inderdaad het die brief van 1961 wel tot gevolg gehad dat baie ernstig oor die amp in die algemeen en die ouderling in die besonder navorsing en besinning gedoen is. Die resultate wat gepubliseer is en/of wat by ouderlingvergaderings voorgedra is, het ongetwyfeld daartoe bygedra dat daar algaande 'n al groter groep behoorlik toegeruste (na die mens gesproke) ouderlinge vir die kerk beskikbaar geword het.

Nog 'n ander baie konkrete resultaat wat uit die brief van 1961 voortgevloei het, was die oprigting van die Kerklike Instituut vir die Toerusting van Ampsdraers en Lidmate (Kital) in 1978. Hoewel dit nie in die brief in vooruitsig gestel is nie, het die gedagte aan so 'n instituut uit die nadenke en besinning wat deur die brief aan die gang gesit is, gaandeweg uitgekristaliseer. Met die totstandkoming van Kital het die Raad vir Ouderlinge selfs geoordeel dat die Raad kan ontbind omdat Kital voortaan die werk sou doen (NHKA 1979). Ook Kital het in sy kort bestaan, deur *'n Handleiding vir ouderlinge* (J H Koekemoer 1979) en gereelde kursusse, 'n belangrike bydrae gelewer tot beter toerusting van ouderlinge.

Miskien kan gesê word dat aan die krisis rondom die kwaliteit van die ouderlinge in die afgelope twintig jaar dus wel 'n verandering ten goede gekom het, omdat baie gedoen is aan die toerusting van ouderlinge.

## DIE STEEDS DREIGENDE KRISIS

Dit is egter 'n vraag of daar werklik wesenlik vir die krisis wat voortgespruit het uit die 'bedreiging' van die ouderlingamp vanuit die predikantsamp en die diakenamp, 'n afdoende oplossing gekom het. Die huidige samestelling en/of werkwyse van twee van die drie regeervergaderings in die kerk, naamlik die kerkraadsvergadering en die Algemene Kerkvergadering, skep die moontlikheid dat die ander twee ampte die ouderling as die primêre regeeramp in die kerk gaandeweg op die agtergrond kan druk.

As nou eerstens na die kerkraad gekyk word, lê die probleem nie noodwendig by die kerkordelike samestelling van die kerkraadsvergadering nie, hoewel dit moontlik is om reeds hier al 'n sekere wanbalans te laat insluip. Kragtens Bepaling 4.2 van die *Kerkwet en Bepalings* (NHKA 1989a:10) word die kerkraadsvergadering 'gevorm deur die predikante, ouderlinge en diakens van die gemeente en die teologiese dosente van die kerk, met adviserende stem, uitgenooi deur die kerkraad van die gemeente waar hulle woon, behoudens Bepalings 118 en 163 tot 165'. As elke wyk van die gemeente dan oor 'n ouderling en diaken beskik, beteken dit dat die kerkraadsvergadering uit 'n gelyke aantal ouderlinge en diakens saamgestel word met die predikant as voorsitter, wat dan aan die ouderlinge 'n meerderheid

van een gee. Die oomblik egter as daar een of meer vakatures vir ouderlinge ontstaan, is die balans versteur. Die wanbalans kan natuurlik selfs ook vergroot word indien soos soms gebeur, die kassier en die skriba diakens sonder wyke sou wees.

'n Groter wanbalans, wat egter waarskynlik nooit eens opgemerk word nie, kan by die werkwyse ontstaan. Kragtens Bepaling 6.6 van die *Kerkwet en Bepalings* (NHKA 1989a:13) is die kworum vir 'n vergadering een derde van die kerkraadslede, terwyl die kworum by tugsake die helfte plus een van die diensdoende kerkraadslede is. Dit hou die moontlikheid in dat op 'n kerkraadsvergadering slegs diakens teenwoordig kan wees en dit dan nog 'n wettig gekonstitueerde regeervergadering kan wees. Selfs in die geval van 'n tugsaak kan diakens die meerderheid van 'n kworum vorm.

Nou kan natuurlik geargumenteer word dat dit alleen maar teoretiese moontlikhede is. Tog is die blote feit dat dit 'n teoretiese moontlikheid is al 'n aanduiding dat hier 'n ongerymdheid is. Trouens, dit gebeur dalk wel in die praktyk dat diakens die meerderheid op 'n kerkraadsvergadering uitmaak.

By die ringsvergadering word, deur die afvaardiging van twee ouderlinge teenoor een diaken vir elke predikantstandplaas, gesorg dat die ouderlinge die meerderheid op hierdie regeervergadering sal vorm. Dit geld ook vir die samestelling van die ringskommissie (Bepaling 9.6-8, NHKA 1989a:17). Nogtans bly dit 'n vraag of dit hoegenaamd nodig is dat die diaken steeds hier die rol van hulpouderling hoef in te neem. Is dit nie dan tog maar 'n mosie van wantroue in die regeervermoë van die ouderling nie (Pont 1990:22)?

Die huidige samestelling van die Algemene Kerkvergadering verseker feitlik dat die ouderling daar nooit die meerderheid kan wees nie. As na Bepaling 10.2(a) tot (f) van die *Kerkwet en Bepalings* (NHKA 1989a:18) gekyk word in die lig van die huidige predikantetal, is dit duidelik dat die dienaars van die Woord tans die meerderheid op die Algemene Kerkvergadering sal wees.

Bowendien word die getal van die ouderlinge op die vergadering nog verder in gedrang gebring vanweë die feit dat kerkrade ook 'n diaken na die Algemene Kerkvergadering mag stuur. Dit laat selfs die moontlikheid ontstaan dat die Algemene Kerkvergadering slegs uit predikante en diakens saamgestel kan word, toegegee word dat dit waarskynlik net 'n teoretiese moontlikheid is. Maar ook hier dui die blote teoretiese moontlikheid reeds op 'n swakheid. By die samestelling van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering word wel 'n meerderheid ouderlinge betrek.

Terloops kan daarop gelet word dat daar nòg by die ringsvergadering nòg by die Algemene Kerkvergadering 'n kworum bepaal word. Hieruit kom 'n hele aantal

vrae na vore wat by geleentheid oorweging verdien.

Uit voorgaande is dit duidelik dat die ouderling in die Nederduitsch Hervormde Kerk steeds onder die bedreiging staan om een of ander tyd oorbodig verklaar te word vanweë die feit dat hy nie meer op die regeervergaderings werklik as die primêre regeeramp funksioneer nie. Aan die predikante en diakens is immers presies dieselfde bevoegdhede toevertrou en bowendien kan hulle ook die ouderlinge in getal op die regeervergaderings oorskry.

Hierby kom nog dat ten opsigte van die funksie van die diaken, naamlik die diens van barmhartigheid kragtens Bepaling 172 tot 183 van die *Kerkwet en Bepalings* (NHKA 1989a:79-84), 'n volledige diakonale struktuur gebou is vanaf gemeentelike tot op sinodale vlak. Hieruit wil dit voorkom of die diakens in die kerk baie hoër gereken word as die ouderlinge. Aan hulle word, benewens hulle barmhartigheidstaak, ook nog 'n regeerfunksie op gelyke vlak met die ouderlinge toegeken. Dit moet feitlik vanself daarop uitloop dat die nodigheid van die ouderlingamp bevraagteken sal word. Wat waarskynlik daartoe bydra dat dit tans nie algemeen as 'n krisis ervaar word nie, is die feit dat die kerk oor 'n redelik goed toegeruste ouderlingkorps beskik wat hulleself goed handhaaf.

Die dreigende krisis bestaan dus nog steeds. Dit sal slegs bevredigend opgelos kan word indien die posisie van die ouderling in die regeervergadering op so 'n wyse gekorrigeer sou word dat hy daar sy primêre roeping as kerkregeerder sonder bedreiging kan vervul. Dit bring die vraag na vore hoe die regeervergaderings in die kerk saamgestel behoort te word.

## DIE OUDERLINGAMP: DIE BASIESE AMP

In die geledere van die Nederduitsch Hervormde Kerk was daar nog nooit enige twyfel dat die ouderling een van die blywende ampte in die kerk moet wees nie. Dit word ook baie duidelik in Artikel V van die *Kerkwet en Bepalings* (NHKA 1989a:2) gekonstateer. Daar is nog altyd teruggegryp na Calvyn en sy ampsbeskouinge as normatief ook vir die Nederduitsch Hervormde Kerk. Calvyn het vanuit die Skrif grondliggende beslissings geneem oor die onderskeie ampte in die kerk.

As Calvyn se gedagte nagegaan word, wil dit al lyk asof hy twee gedagterigtings oor die amp gehad het. Aan die een kant het hy vanuit Efesiërs 4:11-12 vier ampte onderskei, naamlik die doktore, die predikante, die ouderlinge en die diakens (Calvinus 1559:IV, 3). Aan die ander kant het hy weer vanuit 1 Timoteus 5:17 tot die slotsom gekom dat daar, naas die diaken, die ouderling as verdere amp onderskeibaar is (kyk Pont 1981:199). Dit beteken dan dat hy net van twee ampte praat. Pont (1981:199) se konklusie oor hierdie skynbaar dubbele gedagterigting is tereg:

'Dit beteken nie dat daar 'n teenstelling tussen die twee gedagterigtings is nie - dit kom feitlik op dieselfde neer, naamlik dat die basiese amp in die kerk die presbiteramp is wat onderskei word in doktore, predikante, ouderlinge en daarnaas die diaken.'

Wat baie duidelik is, is dat in Calvyn se kerkordelike denke die ouderlingamp 'n baie sentrale plek ingeneem het. Trouens, die opmerking is al gemaak dat Calvyn, deur die ouderlingamp, die biskop van die Rooms-Katolieke Kerk in skaakmat geplaas het. Dit was juis die regerende ouderling wat in die Calvinistiese kerke 'in baie opsigte die steunpilare geword het wat die gemeentes gelei, vertroos en bymekaargehou het in voor- en teenspoed. Die organisatoriese krag van die Calvinistiese kerke lê dan ook vir 'n baie groot deel in die diens en toewyding van die regerende ouderling' (Pont 1981:209). Dit is 'n saak waarvan die Nederduitsch Hervormde Kerk ook kan getuig.

Dit is daarom ook geen wonder nie dat die kerkordelike sisteem wat op Calvyn teruggaan, die presbiteriaal-sinodale stelsel genoem word. Alhoewel dit seker waar is dat in hierdie verband die term presbiteriaal nie net eksklusief die ouderling in gedagte het nie (Van Wyk 1989:115), is dit tog duidelik 'n aanduiding van die sentrale plek wat die ouderling wel in hierdie kerkordelike sisteem behoort in te neem (Pont 1981:209).

Wat die opdrag en inhoud van die amp van die ouderling betref, word dit in die bevestigingsformulier beskryf. Daaruit is dit duidelik dat dit 'n regeerfunksie is wat opsig oor lidmate en dienaars van die Woord, opsig oor mekaar en ander ampsdraers, die handhawing van die dissipline of orde en die toepassing van die tug insluit. Hierby sluit die Dordtse Kerkorde van 1618-1619 aan as die dienswerk van die ouderling omskryf word as die regering van die gemeente saam met die dienaars van die Woord, waarin die opsig en die tug en die handhawing van die dissipline opgesluit lê; die opsig oor die ander ampsdraers en ten slotte die huisbesoek (Pont 1981:209-213).

As nou na Bepalings 167-171 van die *Kerkwet en Bepalings* (NHKA 1989a:79) gekyk word, is dit duidelik dat dit volkome met hierdie siening instem dat die ouderling se dienswerk spesifiek die regering van die kerk is. Oor hierdie saak is daar dus nie in die Nederduitsch Hervormde Kerk enige onduidelikheid nie. Tog word die regeerfunksie van die ouderling in die Nederduitsch Hervormde Kerk deur die samestelling van die verskillende regeervergaderings onder verdenking geplaas.

## DIE VERGADERINGS VAN DIE AMPTE

Die woord sinodaal in die kombinasie presbiteriaal-sinodaal, tipeer hierdie kerkregeringsisteem 'as daardie stelsel waar die vergaderinge van die ampte die kerk regeer' (Van Wyk 1989:115). Hierdie vergadering vorm 'n onmisbare deel van die Calvinistiese kerkordelike reëlings. Volgens Van Wyk (1989:103) het Luther, om die gesagslugleegte wat met die afskaffing van die biskop ontstaan het, die vors 'n 'nood-biskop' gemaak omdat die predikant nie inpas nie. Daarteenoor het Calvyn weer, op die voetspoor van Bucer, die kerkraad in daardie lugleegte geplaas en daarmee terselfdertyd die onafhanklikheid van die kerk ten opsigte van die owerheid om self sy eie kerkordelike sake te reël, geproklameer (Van Wyk 1989:103).

Uiteindelik is in hierdie stelsel vier vergaderings van die ampte onderskei, naamlik die kerkraadsvergadering, die klassikale vergadering, die provinsiale of partikuliere sinode en die nasionale sinode (Pont 1981:223). In die Nederduitsch Hervormde Kerk word kragtens Artikel VI drie vergaderings ingestel, naamlik die kerkraad, die ringsvergaderings en die Algemene Kerkvergadering.

'n Wesenlike verskil bring dit egter nie mee nie. Vreemd aan die vroeë hervormde kerkordes en 'n oorblyfsel van die verenigingsreg, is die ringskommissie en die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering in die Nederduitsch Hervormde Kerk (Van Wyk 1989:226, 288). Hoewel nie in die Wet nie, word in Bepalings 13-15 van die *Kerkwet en Bepalings* (NHKA 1989a:21-22) na die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering as 'n vierde vergadering van ampte verwys. In Bepaling 9.11 van die *Kerkwet en Bepalings* (NHKA 1989a:19) word die ringskommissie as kontinueringskommissie van die ringsvergadering aangewys, wat dus in wese 'n vyfde regeervergadering in die kerk in die lewe roep.

## DIE PLEK VAN DIE OUDERLING IN DIE REGEERVERGADERINGS

Omdat die ouderling primêr belas is met die regering van die kerk, is dit seker logies en vanselfsprekend dat hulle òf alleen die regeervergaderings behoort te beman òf dan minstens die dominante groep behoort te vorm. In die formulier vir die bevestiging van ouderlinge en diakens word wel aan die ouderlinge die opsigtaak oor die gemeente saam met die predikant toevertrou. Dit is tog duidelik dat dit in die plaaslike gemeente normaalweg nie kan gebeur dat die predikante meer as die ouderlinge sal wees nie en dat die beginsel na die ander meerdere regeervergaderings deurgedra moet word. Dan kan die posisie van die (regerende) ouderlinge tog nie deur die (lerende ouderlinge) predikante oorgeneem of bedreig word nie. Net so moet ook in berekening gebring word dat die diaken wie se primêre roeping dié van die barmhartigheidsdiens is, nie die ouderling se regeerfunksie mag oorneem of

bedreig nie.

As die geskiedenis nagegaan word is dit duidelik dat die beginsel wel gehandhaaf is in die vroeë gereformeerde kerkordes.

Die *Ordonnances Ecclesiastiques* van Genève, wat basies die skepping van Calvyn was, het slegs die ouderlinge in die kerkraad opgeneem (Pont 1981:21, 29-30).

Die kerkraad is dus gevorm deur die predikant en die ouderlinge, terwyl die diakens in 'n eie vergadering byeengekom het om te besin oor hulle dienswerk. Omdat die kerk in Genève nie 'n kerk vir 'n hele land was nie, was hierdie kerkorde nie bedoel om 'n kerklike orde te skep vir 'n nasionale kerk nie. So 'n poging was *Discipline Ecclesiastique* wat in 1559 deur die eerste sinodale vergadering van die Hervormde Kerk in Frankryk opgestel is. Hier is vir die eerste keer bepaal dat die diaken nie alleen lid van die kerkraad, nie maar ook van die meerdere vergadering sal wees. Sowel in Artikel 3 as in Artikel 5 van *Discipline Ecclesiastique* word uitdruklik bepaal dat òf ouderlinge òf diakens die predikant na die meerdere vergaderings sou vergesel (Pont 1981:50). Die teoretiese moontlikheid het dus ook daar bestaan dat 'n meerdere vergadering uit predikante en diakens kon bestaan.

Die rede waarom afgewyk is van Calvyn se standpunt oor die samestelling van die kerkraad terwyl *Discipline Ecclesiastique* juis gebou is op *Ordonnances Ecclesiastique*, is onbekend. As bedink word dat die diaken in latere kerkordes in die geval van 'n baie klein kerkraad wel as 'n hulpouderling by die kerkraadsvergaderings gesien is (Pont 1981:116) en as in gedagte gehou word dat die Franse Kerk in 1559 nog 'n vervolgde kerk was en gemeentes klein met 'n klein getal ouderlinge per gemeente dan kan dit as 'n moontlike verklaring dien. As die omstandighede normaal was en die kerkrade groter, dan sou die bepaling waarskynlik meer in ooreenstemming met die van Calvyn gewees het.

Die vroeë Nederlandse hervormde kerkordes het, wat die samestelling van die kerkraad betref, aanvanklik die *Discipline Eccliastique* nagevolg, en die diaken daar 'n plek gegee, en daarmee ook potensieel as lid van die meerdere vergaderings (Pont 1981:62, 98). Ook moet in gedagte gehou word dat dit nie normale omstandighede was nie en dat die gemeentes vervolg was en die ouderlinge en diakens klein in getal. Die oomblik egter as 'n meer normale situasie ontstaan en die ordening van die kerk nog skerper omlyn word, dan word die kerkraad net tot ouderlinge en predikante beperk en word bepaal dat die dakens in 'n afsonderlike vergadering byeen sal kom. Dit gebeur by die provinsiale sinode van Holland en Zeeland in 1574 as gereël word dat diakens geen sitting het op die kerkraad ten opsigte van die regering van die kerk nie en daarmee dan ook nie na meerdere vergaderings afgevaardig kan word nie (Pont 1981:116). Tog is daar steeds bepaal dat

die diakens op die kerkraad sitting het in die geval waar 'n gemeente min ouderlinge het. Daar het hulle dus die rol van hulp-ouderlinge vervul. Wat presies onder min ouderlinge verstaan is, is nooit verduidelik nie.

Hierdie besluit, naamlik dat die kerkraad normaalweg net uit die predikant(e) en ouderlinge sal bestaan, is geneem ten spyte van Artikel 30 van die Nederlandse Geloofsbelydenis waar die woorde '...ook ouderlinge en diakens om saam met die herders die kerkraad te vorm...' voorkom en wat geïnterpreteer kan word dat die diaken dus ook sittingsreg op die kerkraad moet hê. Die bepaalde interpretasie is dus nie op die sinode van Dordrecht van 1574 daaraan geheg nie. Tog het die reëling dat die diaken slegs in bepaalde gevalle sitting op die kerkraad kan neem, nie beteken dat afgewyk is van die algemene stelling van Artikel 30 van die Nederlandse Geloofsbelydenis nie (Pont 1981:49; Spoelstra 1989:72).

Die kerkorde wat by die groot sinode van Dordrecht 1618-1619 opgestel is, is van baie groot betekenis. Teen dié tyd was die Nederlandse Kerk reeds goed georden en dit was redelik normale omstandighede. In Artikel 37 word die volgende ten opsigte van die kerkraad bepaal:

> In alle kerke zal een kerkeraad zijn, bestaande uit dienaren des Woords en ouderlingen....En zal ook de magistraat van de plaats respectievelijk, indien't hun geliefd, een of twee van de Hunnen, wezende lidmaten der gemeente bij den kerkraad moge hebben, om aan te hooren, en mede van de voorvallende sake te delibereren.
>
> (vgl Pont 1981:180)

Hieruit is dit ongetwyfeld baie duidelik dat onder normale omstandighede slegs die ouderling aan wie die regeerfunksie opgedra is, in die kerkraad sitting het. Dit geld ook ten opsigte van die meerdere vergaderings. So bepaal Artikel 41 van die Dordtse Kerkorde dat elke gemeente een predikant en een ouderling na die klassikale vergadering kan afvaardig en die klassikale vergadering na die provinsiale sinode, weer kragtens Artikel 47, twee predikante en twee ouderlinge (Pont 1981: 180-181). Op die meerdere vergaderings het dit dus gegaan om gelyke verteenwoordiging van die ouderlinge en die predikante as kerkregeerders.

Tog is daar ten opsigte van die steeds voorkomende buitengewone omstandighede die volgende reëling in Artikel 38 getref: 'En waar't getal van de ouderlingen zeer klein is, zullen de diakenen mede tot den kerkeraad mogen genoemen worden' (vgl Pont 1981:180). Selfs onder normale omstandighede is die diaken steeds in verband met sekere omskrewe aspekte by die kerkraad betrek. So bepaal Artikel 10

dat by die aanvaarding van 'n beroep deur 'n predikant, die 'bewilliging des kerkraads met de diakenen, en diegenen die te voren in dienst van ouderlingskap en diakenschap geweest zijn...' nodig is (vgl Pont 1981:177). Ook by die verkiesing van ouderlinge is die diakens by die kerkraad betrek in dié sin dat in Artikel 22 bepaal word: 'De ouderlingen zullen door het oordeel des kerkeraads en der diakenen verkoren worden....'

Dit is hier duidelik dat die kerkraad (die predikante en ouderlinge) en die diakens as aparte entiteite gesien is wat wel op bepaalde geleenthede oor omskrewe sake tot 'n gesamentlike beslissing moes kom.

Samevattend kan uit voorgaande afgelei word:

* Die kerkraad is normaalweg gevorm deur die predikant(e) en ouderlinge.
* Die meerdere vergaderings is gevorm deur 'n gelyke getal ouderlinge en predikante.
* In buitegewone gevalle byvoorbeeld waar die ouderlingtal van 'n gemeente 'min' was, is die diakens as hulp-ouderlinge op die kerkraadsvergadering betrek.
* Onder sekere omstandighede moes die kerkraad en die diakens oor bepaalde omskrewe sake tot 'n gesamentlike beslissing kom.

Dit is duidelik dat op die primêre regeervergadering van die kerk, naamlik die kerkraadsvergadering (Pont 1981:221-228) die ouderling as primêre regeerfunksionaris die dominante is. Op die meerdere vergaderings, wat in wese organe van bystand vir die kerkraad is (Pont 1981:228-231), het dit gegaan om 'n gelyke getal ouderlinge en predikante. Nòg op die kerkraadsvergadering nòg op die meerdere vergaderings kon daar dus vir die ouderlinge enige bedreiging wees vanweë die getalle-oorwig van die ander twee ampte.

## MOONTLIKE KEUSES VIR DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK

Met die opdrag tot hersiening van *Kerkwet en Bepalings*, is die moontlikheid nou geskep dat die Nederduitsch Hervormde Kerk die primêre regeerfunksie van die ouderlingamp ook in die bepalings ten opsigte van die regeervergaderings, bo alle twyfel vas en veilig kan stel. In dié verband is die volgende keuses moontlik:

* Die voor-die-hand-liggende keuse wat in lyn met die korrekte kerkordelike argumente en die vroeë Calvinistiese tradisie lê, is dat slegs predikante en ouderlinge op die drie (of vyf as die ringskommissie en Kommissie van die Algemene Kerkvergadering bygebring word) regeervergaderings van die kerk

sitting sal hê. Dan moet net daarmee rekening gehou word dat die getal predikante nie op die meerdere vergaderings dié van die ouderlinge sal oorskry en dan tereg die klag van 'n 'domineeskerk-struktuur' (Pont 1990:22) kan ontlok nie. Dit hou in dat slegs predikante wat voltyds in gemeentes werksaam is afgevaardig mag word terwyl ander soos deeltydse predikante, dosente en so meer, hoogstens adviserend sitting mag neem. Dit kan wel oorweeg word om in die enkele uitsonderlike gevalle wat nog voorkom waar 'n gemeente oor vyf of minder ouderlinge beskik, die diakens as hulp-ouderlinge op die kerkraadsvergadering sitting te gee. Hier kan ook bykomend vasgestel word dat die kworum, by sowel die maandelikse/kwartaalikse kerkraadsvergadering as by 'n tuggeval, deur die getal ouderlinge bepaal sal word. Daar mag dus nooit minder ouderlinge as diakens op die vergadering teenwoordig wees nie. Selfs onder 'normale' omstandighede kan dit steeds gebeur dat diakens soms wel op die kerkraadsvergadering teenwoordig sal wees om saam met die ouderlinge oor bepaalde noukeurig omskrewe sake te handel.

* 'n Tweede moontlikheid is dat die meerdere vergaderings slegs uit predikante en ouderlinge saamgestel word en dan op só 'n wyse dat die getalle òf gelyk sal wees, òf die ouderlinge in die meerderheid. Terselfdertyd word alle kerkrade soos tans saamgestel, maar dan met die voorbehoud dat die ouderlingtal op 'n kerkraadsvergadering altyd die kworum bepaal.
* 'n Derde keuse is om die samestelling van die kerkraadsvergadering en die ringsvergadering te hou, soos dit tans is maar dan die voorwaardes vir 'n kworum by die kerkraadsvergadering soos in die tweede moontlikheid genoem, in te stel. Om die balans by die Algemene Kerkvergadering te bewaar word slegs aan predikante wat voltyds in 'n gemeente staan, volle sitting op die vergadering toegeken tesame met een ouderling uit elke gemeente.
* Indien gekies word om die diaken steeds ook op die Algemene Kerkvergadering sitting te gee, sal die samestelling so moet verander dat die ouderlingtal meer sal wees as dié van die predikante en diakens saam. Dit sou alleen billikerwyse verkry kon word as trapsgewys vanaf die ringsvergadering na die Algemene Kerkvergadering afgevaardig sou word, byvoorbeeld minstens 10 ouderlinge en nie meer nie as 6 predikante en vier diakens per ring.
* Dit is seker moontlik om uit voorgaande nog ander kombinasies te maak. Telkens moet daar egter die belangrike voorwaarde bly geld, naamlik dat die ouderling se regeerfunksie op geen wyse in gedrang mag kom nie.
* Om die status quo onveranderd te probeer handhaaf, sal moeilik te verantwoord wees.

* Uiteindelik is die beslissing wat gemaak moet word of die amp van die ouderling weer die primêre regeeramp, ook op die regeervergaderings in die Nederduitsch Hervormde Kerk, sal wees.

**Literatuurverwysings**


Calvinus, J 1559. *Institutio Christianae religionis.*

Dreyer, P S 1955. *Brandwagte van God: 'n Handleiding vir ouderlinge.* Krugersdorp: NHW-Pers.

Engelbrecht, B J 1957. *Die amp van die diaken.* Krugersdorp: NHW-Pers.

--- 1972. *Woord en diens.* 2de Druk. Pretoria: HAUM.

Engelbrecht, S P 1953. *Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.* Kaapstad: HAUM.

Koekemoer, J H (red) 1979. *Handleiding vir ouderlinge.* Pretoria: HAUM.

Koekemoer, P J T 1965. Om ouderling te wees. *Die Hervormer* Julie 1965.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 1961. Notule van die Algemene Kerkvergadering 1961. Argief van die Nerderduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.

--- 1979. Notule van die Algemene Kerkvergadering 1979. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.

--- 1989a. *Kerkwet en Bepalings*. Pretoria: Gutenberg.

--- 1989b. Notule van die Algemene Kerkvergadering 1989. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.

Pont, A D 1959. Die Kerkwet en die amp van dienaar van die Woord. *HTS* 17/2, 3, 4.

--- 1969. Aantekeninge rondom die ampsopdrag van die diaken. *HTS* 27/1 & 2.

--- 1970. Tydelik-deeltyds predikante. *HTS* 28/1 & 2.

--- 1975. Amp en roeping. *HTS* 32/3 & 4.

--- 1977. Waar begin en waar eindig die amp? *HTS* 34/3.

--- 1979. *Die amp in die kerk.* Pretoria: HAUM.

--- 1981. *Die historiese agtergronde van ons kerklike reg.* Pretoria: HAUM.

--- 1990. Die diaken en die kerkregering, in die *Almanak van die Nederduitsch Hervormde Kerk* 84. Pretoria: Gutenberg.

Rossouw, P J (red) 1988. *Gereformeerde ampsbediening.* Pretoria: NG Kerk-Uitgewers.

Spoelstra, B 1989. *Gereformeerde kerkreg en kerkregering: Handboek by die Kerkorde.* Hammanskraal: Hammanskraalse Teologiese Skool.

Van Wyk, B J 1989. Die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip met die besondere verwysing na die Kerkwet van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Ongepubliseerde DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.